

'Retro' of hermeneutiek? Die historiese metode in 'n nuwe wetenskapsbedeling

deur

*JOHANN TEMPELHOFF**

Inleiding: 'n Retrologiese waardering van kultuur¹

By geleentheid van 'n besoek aan die Verenigde State van Amerika in Oktober 1998 om 'n konferensie oor mondelinge geskiedenis by te woon, was een van die skrywer se gunsteling besoekpunte 'n koffiekroeg met die naam, SPOT COFFEE in Buffalo, New York. Die koffie was goed en ook die musiek. Tydens een besoek het 'n advertensiepamflet die aandag getrek. Dit het oor die vrystelling van die 1959-langspeelplaat, *Beatsville*² op CD, van die digter en komponis Rod McKuen, gehandel.³ In 'n uiteensetting op die pamflet van McKuen se musiek, is die begrip 'retro' gebesig. Terug in Suid-Afrika is verder daarop ingegaan en bevind dat 'retro' op 'n magdom maniere

Johann Tempelhoff is Direkteur van die Skool vir Basiese Wetenskappe aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (Vaaldriehoekskampus). Sy mees onlangse publikasie is *Townspeople of the Soutpansberg: A centenary history of Louis Trichardt 1899-1999* (1999).

1. Verwerking van 'n voordrag by die Sesde Geskiedenisberaad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat op 28 Januarie 1999 by die Universiteit Pretoria plaasgevind het. Skrywer is dank verskuldig aan Lt.-kol. Deon Visser van die Militêre Akademie, Universiteit Stellenbosch, wat die manuskrip deurgegaan het en konstruktiewe kritiek gelewer het.
2. <http://www.p22.com/records/beatsville.html>
3. Vir meer oor McKuen kyk, K. COOPER, "Tiptoe thru the Beatniks with Rod McKuen" in <http://members.tripod.com/~Scram/archive.html>

gebesig word. Dit sluit in onder meer die hoofstroom van kontemporêre kultuur in die vorm van die populêre musiek,⁴ maar terselfdertyd ook die meer akademiese denkruintes van die siviele ingenieurswese,⁵ fisika,⁶ kognitiewe wetenskap⁷ en die ruimtewetenskap.⁸ Wat die mensgesentreerde wetenskappe betref, word daar ook in die rege van die begrip retro in 'n regstegniese konteks gebruik gemaak.⁹

Dit is opvallend dat die term in die meerderheid van gevalle in die plek van ons konvensionele begrip geskiedenis gebesig word. Ek het toe 'n bietjie dieper gedelf en vasgestel 'retro' (re'trO), is 'n adjektief (of byvoeglike naamwoord) van Latynse herkoms wat in 'n informele konteks gebesig word en op agterlik, agter, en/of terugwaarts dui.¹⁰ In die kontemporêre populêre kultuurmilieu het retro eger betrekking op 'n populistiese kultuurhistoriese waardering van die verlede deur in die besonder aksent te plaas op kleredrag, haarstyle, musiek en kuns wat uit 'n 'vergange era' dateer. "Retro-rock" is byvoorbeeld 'n gebruikersvriendelike poging om die rock-helde van 'n vergange era as helde voor te stel. Dit sluit in kunstenaars wat wissel van Jimi Hendrix tot Jim Croce. Interessant is die feit dat die bemarkingstrategieë

-
4. T. RILEY, "Retromania" in <http://www.infoplease.com/ipea/A0187986.html>
 5. B.A. HEGG, L. DE MERS en J. BARBER, *Retrofitting publicly-owned treatment works for compliance* (Noyes Data Corp., Park Ridge, N.J., c 1990). "Retrofitting" is die term wat hulle besig.
 6. E.A. THOMPSON, "'Retro-Recognition' Explains Anomalies" in *MIT News*, 1992.02.12 by <http://web.mit.edu/newsoffice/tt/1992/feb12/25806.html>
 7. A. MACKENZIE, *Adventures in time: encounters with the past* (Atlantic Highlands, NJ : Athlone Press, London, 1997).
 8. J-F. LYOTARD, *The postmodern condition: A report on knowledge* [Negende druk, Vertaal uit die Frans (*La Condition postmoderne: rapport sur le savoir* (1979)] deur G. Bennington en B. Massumi, University of Minnesota Press, Minneapolis, 1993.
 9. ANON., "Ex Post Facto Law", in *Microsoft® Encarta® 97 Encyclopedia*. © 1993-1996 Microsoft Corporation; Kyk ook L. MOISSET DE ESPANES, *La irretroactividad de la ley y el nuevo art. 3, Código Civil: derecho transitoria* (Universidad Nacional de Cordoba, Direccion General de Publicaciones, Cordoba, 1976); W.R. WICHSER, *Der Begriff des wohlervorbenen Rechts im internationalen Privatrecht* (Kraus-Reprint; Zurich: Polygraphischer Verlag, Nendeln/Liechtenstein, 1979); S. PEROVIC, *Retroaktivnost zakona i drugih opstih akata: teorija sukoba zakona u vremenu* (IRO "Svetozar Markovic", Beograd, 1984). Hierdie werke handel oor konflik in die reg -retro-aktiwiteit.
 10. "ret•ro" <http://www.infoplease.com/ipd/A0625608.html>; D.P. SIMPSON, *Cassell's Latin-English English-Latin dictionary* (Vyfde uitgawe, Cassell, Londen, 1993) p. 521.

van die 'The Best of the 60's', of 'Hits of the 70's'¹¹ nou plek ingeruim het vir 'n bykans kultuswaardering van die verlede en met reg 'n eie kategorie van waardering, 'retro', verteenwoordig.

Die gevolgtrekking waartoe mens kom, is dat daar meer aan die geskiedenis in die kontemporêre kultuurmilieu opgesluit is, as wat ons as historici geneig is om te erken.

In die bespreking wat volg, sal op sekere fasette van die metodologie van die dissipline gelet word waarin ander benamings vir geskiedenis – soos byvoorbeeld retro – van waarde mag wees. Daar sal op twee metodologiese aspekte – heuristiek en hermeneutiek - gekonsentreer word om 'n peiling te maak van waarheen ons as historici binne die breër konteks van die wetenskap onderweg is.

Die heuristiese konteks: Geskiedenis en die digitale omwenteling

In die afgelope 40 jaar het die hele proses van geskiedenisnavorsing indringend verander. Dit is grootliks die resultaat van 'n ongekende inligtingsomwenteling wat wêreldwyd plaasgevind het. As wetenskaplers in Suid-Afrika was ons weens die politiek van die dag, vir nagenoeg drie dekades uit die hoofstroom van metodologiese en tegnologiese ontwikkeling geweer. Dit was wel moontlik om van die breë tendense in geskiedbeoefening kennis te neem, maar van die fynere nuansontwikkelings was ons verstoke. Gelukkig was ons nie alleen nie. Historici is maar van nature traag om vinnig op die nuutste giere te reageer. Hulle verkies om die nuwighe, getrou aan die aard van hul dissipline, in die spreekwoordelike historiese konteks, heelwat later te bestudeer.

Gevolglik was ons nie ver agter die meeste historici in Wes-Europa en die Verenigde State van Amerika nie. Daar was wel die *avant garde*-groepering in ons geledere wat geluister en gelees het, na wat Foucault¹² en Stone¹³ oor die terugkeer na individualiserende en verhalende geskiedenis verklaar het. In

Interessant is Smith se onlangse identifikasie van die "dekade"-verskynsel as chronologiese metingsinstrument wat 'n kultuurkonstruk is, en self in die afsienbare toekoms aan verandering uitgelewer mag wees. Kyk J.S. SMITH, "The strange history of the decade: Modernity, nostalgia, and the perils of periodization" in *Journal of Social History*, 32(2), 1998, pp. 263-4.

12. Kyk byvoorbeeld vir sy omskrywing van geskiedenis in M. FOUCAULT, *The order of things: An archaeology of the human sciences* (Vertaal uit die Frans *Les Mots et les choses* (1966), Routledge, Bristol, 1994), p. 219.
13. G.G. IGGERS, *Historiography in the twentieth century: From scientific objectivity to the postmodern challenge* (Wesleyan University Press, Hanover, 1997), pp. 97-100.

die meerderheid van gevalle was historici egter vasgevang in die denkpatrone en metodologiese uitgangspunte wat deur die *Annales*-historici voorgelou is.

Weens die relatiewe isolasie en belangeloosheid by ontwikkelinge in die kontemporêre wetenskapsdenke het die postmodernistiese standpuntinname bykans ongesiens verbygegaan. Klein groepies wetenskapsfilosowe en letterkundiges het kennis geneem van die baanbrekerswerk van J-F. Lyotard, *La Condition postmoderne: rapport sur le savoir*.¹⁴ Dit het opsluit in 1979 – terwyl ons historici besig was om te analiseer – min sin gemaak om kennis te neem van die feit dat:

Scientific knowledge is a kind of discourse. And it is fair to say that for the last forty years the 'leading' sciences and technologies have had to do with language: phonology and theories of linguistics, problems of communication and cybernetics, modern theories of algebra and informatics, computers and their languages, problems of information storage and data banks, telematics and the perfection of intelligent terminals, paradoxology.¹⁵

Lyotard het in daardie stadium al voorspel dat die aard van kennis onteensegtlik gaan verander en dat dit operasioneel sal word as geleerdheid, wanneer die kennis in hoeveelhede van inligting deurgegee kan word.¹⁶ Binne 'n nuwe konstellasië van wetenskapsaksente waarin geskiedenis nouliks eens gefigureer het, was ons dissipline reeds bloot 'n konseptuele probleem van die fisika waarin ruimte en tyd in 'n veranderende tegnologiese milieu verdiskonteer moes word – met ander woorde in 'n generiese gewaad was die dissipline weinig meer as retrologie. Ons was in daardie stadium nog vasgevang in die matriks van kwantitatiewe analise en het bloot van die *cliometrie*se mutasies van die dissipline kennis geneem. Die klemverskuiwing was deur opeenvolgende revolusies in die tegnologie van die rekenaarwetenskap veroorsaak. Inligtingsdinamika het ook 'n belangrike invloed uitgeoefen.

Die inligtingsomwenteling het sy beslag gekry in 1959 toe die regering van die Verenigde State van Amerika, in 'n poging om in die Oos-Wes magstryd 'n voorsprong op te bou, die totstandkoming van die *Advanced Research Project Agency* (ARPA) goedgekeur het. Die Westerse militêre bevelstrukture was regstreeks betrokke by die ontwikkeling van 'n elektroniese kommunikasiestelsel wat in 1969 op die eerste rekenaaromatige seinoordraging tussen navorsers by die Universiteit van Kalifornië se kampusse op Santa

14. Die vertaalde titel is: *The postmodern condition: A report on knowledge* (Negende druk, Vertaal uit die Frans deur G. Bennington en B. Massumi, University of Minnesota Press, Minneapolis, 1993).

15. *Ibid.*, pp. 3-4.

16. *Ibid.*, p. 4.

Barbara and Los Angeles, Stanford Universiteit en die Universiteit van Utah uitgeloop het. In 1976 het Europese fisici van CERN in Geneve by die projek betrokke geraak. Gedurende die tagtigerjare het die rekenaartegnologiese ontwikkeling in so 'n mate vooruitgang gemaak dat Jan en alleman spoedig besig was om van elektroniese dataverwerking gebruik te maak. Aan die begin van die negentigerjare het hipertekstegnologie die integrasie van uiteenlopende rekenaarprogramme moontlik gemaak. In 1991 is die hoogs wetenskaplike internet – wat tot in daardie stadium gebruik was as 'n soort inligtingstoorkamer wat moes bly voortbestaan, selfs in die geval van 'n Oos-Wes kernoorlog – by die Universiteit van Minnesota in 'n gebruikersvriendelike medium van kommunikasie omskep. Die volgende jaar is die eerste kommersiële internetdienste op 'n beperkte grondslag beskikbaar gestel. Vanaf 1993 het die stelsel vir een van die belangrikste mediums van wêreldwye wetenskaplike interaksie gesorg.¹⁷

Wat was die gevolge vir die geskiedenisdissipline? In die afgelope vyf jaar het ons as historici toegang tot die internet wat aan die heuristiese metodologie 'n totaal nuwe inhoud verleen het. Die rol van die bibliotekaris as inligtingswetenskaplike in 'n ondersteunende rol tot die navorser, het verander. Ons kan nou in die atmosfeer van 'n rustige studeerkamer gesofistikeerde soektogte na gespesialiseerde bronnemateriaal loods in die katalogus van die Amerikaanse Library of Congress,¹⁸ of selfs Amazon.com – die wêreld se grootste boekwinkel, wat aan die einde van 1998 nagenoeg 25 miljoen titels van gepubliseerde werke te koop aangebied het.¹⁹

Selfs primêre bronnemateriaal kan digitaal uit kuberruimte onttrek word. Kunshistorici kan kunswerke uit die versamelings van museums regoor die wêreld nagaan. Bronnemateriaal het ook meer onmiddellik geword. Die

-
17. Historiografie oor die internet het in die afgelope 18 maande snel uitgebrei. Vir enkele insigte oor die vroeë ontwikkelingsproses, kyk G.G. GROMOV, "The Roads and Crossroads of Internet's History" en B. M. Segal, "The Web as a Side Effect of the 40 years of Particle Physics Experiments." by <http://www.internetvalley.co>; B. SEGAL, "A Short History of Internet Protocols at CERN" (April 1995), <http://www.cern.ch/pdp/ns/ben/TCPHIST.html>; ROBERT CAILLIAU (Webmaster), A Little History of the World Wide Web, 3 October 1995, <http://www.w3.org/History.html>; Anon., "When did the Internet start? A brief capsule history" by <http://www.delphi.com/navnet/faq/history.html>. 'n Interessante verskynsel is dat baie van hierdie internetdokumente reeds as historiese bronne beskou kan word. Die wetenskaplikes wat self deel aan die proses gehad het, bespreek onder meer die ontwikkeling. Daar is ook van hulle elektroniese korrespondensie binne die narratief beskikbaar.
 18. Kyk bv. Die Library of Congress se katalogus in de VSA wat nagegaan kan word by <http://lcweb.loc.gov/catalog/>
 19. Kyk Amazon.com

dokumentasie rondom die Clintonsage in die VSA is in die reël tegelykertyd in harde kopie en op die internet beskikbaar gestel. Dit eindig nie daar nie. Sekere historiese tekste is eerstehands, in 'n digitaal gefotografeerde medium, op die internet of 'n kompakskyf (CD) vir die historikus beskikbaar. Interaktiewe tegnieke kan nou gebruik word om waardevolle dokumente, wat voorheen nouliks vir die breë navorsingsgemeenskap toeganklik was, wêreldwyd beskikbaar te stel.

'n Totaal nuwe wêreld van navorsingsmoontlikhede het vir ons as historici oop gegaan. Die heuristiese dateringstegnieke wat voorheen met groot moeite ingespan is om tydskedings te bepaal, het 'n nuwe inhoud verkry. Interaktiewe skakeling tussen ruimtewetenskaplikes, argeoloë, antropoloë en historici het 'n gemeenskaplike wêreldwye chronologie laboratorium van samewerking geword. Koolstofdateringsdata is nou vrylik op die web beskikbaar. Dateringsdatasentra in byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika, het tot stand gekom wat inligting verwerk en vrylik aan wetenskaplikes in ander wêrelddele beskikbaar stel.²⁰ Daaruit kom voortdurend nuwe mutasies van die wetenskap na vore. Dit is nou moontlik vir argeo-astronomie om hulself te beywer om die dieper geheimenisse van Stonehenge en die piramides met behulp van astronomiese chronologie en kultuurhistoriese tegnieke te ondersoek.²¹

Heuristiese metodes het in baie gevalle 'n meganiese tegniek geword wat in 'n globale historiese speelveld deur enigeen vrylik gebruik kan word. Voorheen was baie van die tegnieke velde van ondersoek slegs deur professionele historici en spesialis museumkundiges gebruik.

Die digitale kamera, met 'n beeld wat na willekeur gemanipuleer kan word, het die insamelingsproses van visuele materiaal heelwat makliker gemaak. Pleks van duur en ruimte-intensiewe fotokopieë is dit nou moontlik vir die historikus om dokumente op 'n magnetiese skyf te stoor, te manipuleer en regstreeks in tekste in te voeg. Nog meer, die konsep van 'n oudio-visuele inter-aktiewe teks van filmatiese bronne is reeds vrylik vir navorsers beskikbaar. Veral in die onderrig van geskiedenis is 'n magdom van hierdie tekste in CD-formaat reeds in die handel verkrygbaar. Dit beteken vanselfsprekend dat die navorsingsproses op sekondêre onderwysvlak reeds omvangryke vooruitgang gemaak het.

Dit is nie ongewoon vir jongmense om vandag byvoorbeeld op die interaktiewe kuberruimte by historiese projekte op skool betrokke te raak nie.

20. Vir 'n oorkoepelende argeologiese dateringsaksie in die VSA kyk Colorado State University se argeometriese webwerf by <http://www.colostate.edu/Depts/Anthropology/SPECPROG/AMLAB/amlab.htm>.

21. http://www.wam.umd.edu/~tlaloc/archastro/cfaar_as.html

Inligting word uitgeruil en idees word gevorm deur middel van die internet in verstommend gevorderde gespreksgroepe. Dikwels is daar metodologiese en filosofiese leemtes aanwesig by hierdie nuwe geslag van historici. Dit lei tot die skepping van mutasies van die historiese proses – waarvan ‘retro’, soos hierbo uiteengesit, maar net een faset is. Kortom: Jong mense met ‘n belangstelling in die geskiedenis het begin kyk en self die dissipline, met merkwaardige resultate, begin bedryf.

Op universitêre vlak kan ons te wagte wees om binne die volgende vyf jaar met elektroniese tekste van gevorderde navorsing te werk wat geheel en al interaktief is. Stel uself byvoorbeeld voor ‘n nuwe geskiedenis van Wêreldoorlog II waarin die teks van die skrywer aangevul word deur klankopnames van onderhoude met historiese figure en filmatiese visuele opnames van aktiwiteite in die arena van oorlogvoering. Kom ons neem dit ‘n stap verder: Hoe gaan ons daardie inligting onttrek en in ons eie navorsing weergee?

Nagraadse studente in geskiedenis aan Suid-Afrikaanse universiteite het in vroeër jare, as deel van hul opleiding in geskiedenis metodologie, moeilike en vreemde begrippe en tegnieke gehad om te leer. By menige aspirant historikus het die vraag ontstaan in hoeverre hy/sy in ‘n professionele loopbaan van sowat 30-40 jaar as historikus dit ooit nodig sou vind om sfragistiese en seelkundige tegnieke te gebruik wat meestal vir historici oor die Middeleeue geskiedenis (en hoofsaaklik in Europa) van waarde is. Vandag het die aanwendingsmoontlikhede van hierdie tegnieke aansienlik uitgebrei. Rekenaartegnologie, wat wissel van forensiese opnames tot die jongste elektronmikroskopiese fotografie, word nou deel van deel van die historiese navorsing se ondersoekveld. Die tradisionele kultuurgebaseerde navorsingstegnieke het ‘n meer omvattende aanwending in ‘n magdom dissiplines gekry.

Ons moet egter ook redelik teenoor die tradisionele metodologie van geskiedenis as dissipline wees. Daar is inderdaad nog baie geykte metodes van die bronnekunde wat steeds vir historici van belang is - veral in die konteks waar dit op die kwalitatiewe menslike oordeel betrekking het. Daardie vaardighede kan nouliks deur gerekenariseerde stelsels bedryf word. Gevorderde metodologiese handboeke veral op die vakgebied van historiese navorsing het ook baie meer gebruikersvriendelik geword.²² Tog wil dit voorkom asof die konvensionele metodologiesekursus in geskiedenis tans

22. Kyk bv. J. SCHMIDT, *Studium der Geschichte* (Wilhelm Fink Verlag, München, 1975).

nouliks sonder 'n nuttige handleiding vir navorsing op die internet kan klaarkom.²³

Daar is enkele belemmeringe in die nuwere heuristiese proses. Dit sluit onder meer in faktore soos oppervlakkige ondersoekmoontlikhede, stygende koste-implikasies en die oorvleueling tussen metodologie en tegnologie. Elk verdien om kortliks toegelig te word.

Oppervlakkige ondersoekmoontlikhede: Baie van die inligting wat tans beskikbaar is, is met enkele uitsonderinge, beperk tot oppervlakkige databasisse wat selde gespesialiseerde inligting bevat. Die teikenmark is grootliks die eerste wêreld en materiaal oor Suid-Afrika is ietwat skraap. Die historikus sal desnoods steeds langs die geysde weë na die argief moet gaan en bepaalde inligting eerstehands gaan insamel. In hierdie stadium wil dit ook voorkom asof die grootste aksent op die meer resente (eietydse) geskiedenis geplaas sal moet word. Dit is egter 'n tendens waarteen John Grigg met goeie rede reeds gewaarsku het.²⁴

Stygende koste-implikasies: Sedert 1997 het 'n verskeidenheid waardevolle webwerwe betaalwerwe geword.²⁵ Vorentoe kan dit bykans onbetaalbaar duur word vir historici in Suid-Afrika om te betaal vir toegang tot inligting wat in Britse pond (£) of Amerikaanse dollar (\$) betaal moet word.

Die oorvleueling tussen metodologie en tegnologie: Die gedagte van 'n gilde-konsep om die bedryf van geskiedskrywing te reguleer, bestaan lank nie meer nie as 'n eksklusief klagesfundeerde aktiwiteit nie. Dit is deel van 'n tendens wat op 'n verskeidenheid van samelewingsvlakke in die werkplek van mense na vore kom. Die vakman wat 30 jaar gelede verantwoordelik was vir die vervaardiging van 'n meubelstuk, is vervang deur die operateur – een van duisende – wat in 'n produksielyn werk.

Net soos die skilder wat tans tussen 'n magdom verskillende mediums kan kies, so het die historikus 'n magdom bronne wat op 'n breë verskeidenheid van maniere gebruik kan word. Ook ons vlakke van vaardigheid word nie meer bloot gemeet aan die metodologiese kundigheid waaroor ons beskik nie. Nog meer: die entoesiastiese amateur-plaaslike of militêre historikus het net so belangrik soos die hoogs geskoolde historikus in die ontsluiting van die verlede geword. Dit is simptome van 'n meer omvangryke tendens. Weens

-
23. B. CARTER en K. REICHERT, "Conducting Research on the Internet" by <http://www.citadel.edu/library/class.htm>
 24. Kyk J. GRIGG, "Some curious eclipses: Changing fashions in the writing of history" in *The Times Literary Supplement*, 4909, 1997.05.02, p. 14.
 25. Dit is veral die geval met koerantargiewe soos dié van *USA Today*, *Christian Science Monitor* en sedert onlangs die Suid-Afrikaanse dagblad *Business Day*. Die breër implikasies van die verswakkende rand is ook deur kollega Geoff Allen van die RAU per epos, op 25 Januarie 1999, aan my uitgewys.

die inligtingsomwenteling het daar aansienlike klemveranderinge in die professies plaasgevind. P.E. Agre beskryf dit as volg:

Knowledge-intensive work has long been organized in a matrix, with professions cross-cutting organizations. Yet the relationship between organizations and professions has begun to shift. The private sector is undergoing two seemingly contradictory phenomena: concentration and outsourcing. Firms are merging at unprecedented rates, while functions as complex as information systems management are contracted out on a large scale. Both of these developments serve, roughly speaking, to increase the homogeneity of the activities that take place within a firm. Among the many causes of this trend is distributed information technology: if two firms in the same industry are merged, then activities that distribute information to all points in the firm, such as personnel policies or payroll software, become more efficient. The distinction between organizations and professions may therefore collapse.²⁶

In strak bestuursterme beteken dit moontlik dat die historikus, met 'n kampstoel onder die arm van een kenniswerf – van een universiteitsfakulteit na die volgende sal moet verskuif op grond van die vraag na sy/haar vaardighede. Tog bly die stilswyende konsensus steeds dat in die opleiding van historici op nagraadse vlak daar tog steeds 'n gilde-georiënteerde opleidingsbenadering behoort te wees.²⁷

Tegnologie is ook lank nie meer die antwoord op al die probleme wat met die insameling en interpretasie van die verlede verband hou nie.

Strydig met Fukuyama se strak positivistiese omskrywing van

Technology provides a uniform horizon of production possibilities at any given level of scientific knowledge, and forces all societies employing technology to organize themselves in certain ways²⁸

verklaar Lyotard in 'n meer siniese luim:

P. E. AGRE, "Yesterday's tomorrow" by <http://dliis.gseis.ucla.edu/people/pagre/tls.html>

27. E.C. LATHEM (Red.), *Bernard Baylyn on the teaching and writing of history: Responses to a series of questions* (University Press of New England, Hanover, 1994), p. 50.

28. F. FUKUYAMA, "Reflections on *The end of history*, five years later, in *History and Theory*, 34(2), 1995, p. 32.

Technology is ... a game pertaining not to the true, the just, or the beautiful..., but to efficiency: a technical 'move' is 'good' when it does better and/or expends less energy than another.²⁹

Wat wel gebeur het, is dat die tegnologie begin het om van vakmanskap 'n meganiese proses te maak. In die toekoms sal die meganiese evalueringsproses in die heuristiek toenemend deur die elektroniese geheuebronne en databasisse oorgeneem word.

Die konvensionele historikus wat professionele opleiding ontvang het, verkeer nog lank nie in 'n doodloopstraat nie. Daar is sprake van kundigheid en insigte wat enige metodologiese navorsingsproses moet vergesel. By die historiese leek is sommige gesofistikeerde vakgebaseerde kundigheid selde aanwesig. Belangriker is die feit dat ons as historici maar al te bewus is van die kortsigtigheid van voorspellings en prognoses, want verduidelik Hobsbawm:

(T)he overwhelmingly large part of conscious human action which is based on learning, memory and experience constitutes a vast mechanism for constantly confronting past, present and future.³⁰

Binne hierdie kompleks van deurslaggewende werklikheidsmanifestasies is dit nouliks vir enigeen om op grond van die hede, die toekoms – selfs van die tegnologie in 'n onsekergeworde wêreld - te voorspel. Wat wel duidelik is, is die feit dat in 'n wêreld vol tegnologie en voortdurende ontwikkeling ons dissipline moontlik reeds deur een of ander fisikus in 'n afgesonderde laboratorium bloot as 'retrologie' gekategoriseer is.

Die Hermeneutiese konteks

Die groter uitdaging vir historici in die nuwe bedeling lê egter op die terrein van die hermeneutiese metodologie. Die ontstaansgronde van die hermeneutiese metodologie is gesetel in die ontwikkelingsgang van die Duitse Verligting (*Aufklärung*),³¹ van die agtiende eeu. Dit was beïnvloed deur die daaropvolgende eksegetiese eise van die Romantiek om in die verindividualiserende verstaansmetode 'n oplossing te soek na die essensie

29. J-F. LYOTARD, *The postmodern condition: A report on knowledge* [Ninth printing, Translated from the French (*La Condition postmoderne: rapport sur le savoir* (1979)) by G. Bennington and B. Massumi, University of Minnesota Press, Minneapolis, 1993, p. 44.

30. E. HOBSBAWM, *On history*, (The New Press, New York, 1997), p. 38.

31. Vir 'n uiteensetting van hoe Foucault die Verligting, aan die hand van Kant letterlik omgeswaai het, sien C. NORRIS, *The truth about postmodernism* (Blackwell, Oxford, 1993), pp. 54-8.

van die waarheid wat binne 'n gevorderde onderwysstelsel - die Von Humboldt-sisteesem van universiteitsonderrig - toegepas kon word.

Terwyl die hermeneutiese verstaansmetode sigself gevestig het, het die beginsel van historisme in bykans al die wetenskappe posgevat en deur die bank die eis gestel dat die verstaansproses van enige wetenskap op historiese verloop aangewese is. Hoewel daar verklaar word dat Arto Schopenhauer (1788-1860) en Friedrich Nietzsche (1844-1900) vir die aftakeling van die historisme verantwoordelik was, kan dit veel eerder regstreeks gekoppel word aan die omskakeling van die Wes-Europese samelewing na die eerste fasette van die nywerheidsomwenteling. Die meganistiese wetmatigheede van Charles Darwin se evolusieleer het die kroon op die chronologiese konstruk van die historisme gespan. Die chroniese opeenvolging van nuwe ontwikkelinge op die terrein van die menslike industrie, die verfyning van ekonomiese sisteme, die ontwikkeling van kapitalisme en die spieëlbeeld van die sosialisme, as teenvoeter, het hierdie denkrigting reeds voor die aanbreek van die twintigste eeu finaal vernietig.

Wat behoue gebly het, is die hermeneutiese verstaansproses wat opsigself lank as kontra-funksioneel tot die positivistiese denkrigting gefunksioneer het. Wilhelm Dilthey (1833-1911) het te midde van stormagtige woelinge binne die historiese gemeenskap van Duitsland ná die *Methodenstreit* waarin Karl Lamprecht 'n sleutelrol gespeel het,³² steeds die beginsels van die verstaansmetode in stand gehou.³³ Ofskoon daar denkers was wat steeds die gedagtes van die verindividualiserende verstaansmetode onderskryf het, het die terugswaai van die pendulum van die positivisme eers in die laat sewentigerjare begin. Saam daarmee het die postmoderniteit gekom.

In die gees van die nuwere hermeneutiek wat daaruit voortgevoel het, is daar sekere swaartepunte wat aansienlik van die klassieke hermeneutiek verskil. In hierdie verband het die werk van Han-Georg Gadamer, Thomas Kuhn, Paul Feyerabend en Ludwig Wittgenstein 'n belangrike vormende rol gespeel.³⁴ Vandaar het skrywers soos Richard Rorty, J-F. Lyotard en Michel Foucault met groter determinasie oorgeneem om die gedagte van 'n 'nuwere' hermeneutiek te propageer.

-
32. Vir een van die mees insiggewende werke oor Lamprecht, kyk R. CHICKERING, *Karl Lamprecht: A German academic life (1856-1915)*, (Humanities Press, New Jersey, 1993).
 33. Vir 'n baie toeganklike vertaalde samevatting van Dilthey, kyk H.P. RICKMAN (Red.), *Wilhelm Dilthey Pattern and meaning in history: Thoughts on history and society* (Harper Torchbooks, New York, 1962).
 34. G. WARNKE, *Gadamer: Hermeneutics, tradition and reason* (Polity Press, Cambridge, 1994), pp. 107-38; ANON., "Wittgenstein, Ludwig Josef Johann," in *Microsoft® Encarta® 97 Encyclopedia*. © 1993-1996 Microsoft Corporation.

Dit gaan in die eerste plek om die ontsluiting van die potensiaal van taal as 'n medium om die idee uit te dra. Saam daarmee word na kennis oor die grense van dissiplines gesoek. Taal- en letterkunde speel vanselfsprekend 'n belangrike rol in die proses.

In die geval van Rankeaanse metodologiese voorskrifte het taal van meet af aan 'n sleutelrol gespeel. Die enigste verskil is dat die identiteit van die skrywer of leser van die taal en die taal nou gesamentlik rolspelers in die nuwe verstaansproses geword het. Terwyl hierdie nie-monolitiese hermeneutiek vir Ginzburg spreek van die verindividualisering van kennis en altyd om antroposentriese en etnosentriese voorkeure wentel,³⁵ is daar historici wat kennis neem van 'n nuwe kultuurgeskiedenis.³⁶ Dit is deel van 'n omvattende verwysingsraamwerk wat as globalisme bekend staan, en beïnvloed regstreeks die individu se sienswyse, want deur middel van die televisie en ander kanale van massamedia in kommunikasie, word 'n eenvormigheid geskep wat in bepaalde doelgemaakte voorstellings uitkristaliseer. Anderson verklaar byvoorbeeld:

Where once beauty could be a subversive protest against the market and its utility functions, today the universal commodification of the image has absorbed it as a treacherous patina of the established order. The image is the commodity today....³⁷

By die interpretasie van die verlede, word daar nou sonder om te skroom aanvaar, dat die objektiwiteit en die individualiteit in vele opsigte 'n blote *chimera* is. Wat die individu egter van kultuur maak, is egter betekenisvol, want verduidelik Simmel, toenemende kultuur is toenemende bewussyn, intensie in plaas van instink, oorleg in plaas van meganiese invloede en gevoelsreaksies in plaas van oorgawe.³⁸

Die versoeningsproses tussen kultuur en natuur is een wat egter vir baie lank die mens- en natuurwetenskappe uitmekaar gehou het.³⁹ Ook hier blyk daar bepaalde antwoorde te wees. Sommige wetenskappers het hulself tot 'n breë

35. C. GINZBURG, *Clues, myths, and the historical method* (Vertaal uit die Italiaans *Miti emblemi spie: morfologia e storia* deur J. en A.C. Tedeschi, Johns Hopkins University Press, Baltimore, 1989), p. 112.

36. P. ANDERSON, *The origins of postmodernity* (Verso, London, 1998), pp. 109-10.

37. *Ibid.*, p. 110.

38. G. SIMMEL, *Die Probleme der Geschichtsphilosophie: Eine erkenntnistheoretische Studie* (Vyfde druk van die eerste (1892) uitgawe. Dunker & Humblot, München, 1923), p. 22.

39. R. SMITH, *The Fontana history of the human sciences* (Fontana Press, Londen, 1997), p. 475.

sfeer van ondersoek gewend en met welslae uit die stryd van kreatiewe wetenskap getree. Een voorbeeld is Jared Diamond se *Guns, germs and steel: A short history of everybody for the last 13 000 years*.⁴⁰ In hierdie werk het Diamond, wat eintlik 'n fisioloog is, maar belang stel in die ornitologie, antropologie en die geskiedenis, 'n reeks sleutelgebeure in die wêreldgeskiedenis geselekteer en gepoog om met behulp van die natuurwetenskappe kwantum-interpretasies te maak van makroverskynsels wat die gang van die geskiedenis verander het.

Dieselfde ingesteldheid tot die interdisiplinêre aktiwiteit, was reeds by die fisikus Ernst Mach (1838-1916) aan die begin van die twintigste eeu aanwesig.⁴¹ As natuurwetenskaplike wat in die kuns, psigologie, filosofie en geskiedenis raakpunte kon sien, het hy verklaar:

Science always has its origin in the adaptation of thought to some definite field of experience. The results of the adaptation are thought-elements, which are able to represent the whole field. The outcome, of course, is different, according to the character and extent of the field.⁴²

Die diens wat die geskiedenis as menswetenskap tot die natuurwetenskappe lewer, is dat die antroposentriese aanvoeling van die wetenskaplike uitgedaag word. Byvoorbeeld, volgens Ginzburg, was Galileo se tekortkoming juis dat hy bloot in getalle, syfers en bewegings waarde gesien het. Geur, smaak of klank het hierdie natuurwetenskaplike gering geag want dit was, syns insiens, niks meer nie as bloot name buite die lewende dier nie.⁴³ In die geskiedenismetodologie word nou juis, na aanleiding van emosionele intelligensie van emotiewe aspekte in die menslike wese, van 'n breër spektrum van menslike gevoel kennis geneem.

In die soeke na strategiese maniere waarop die tyd en die onderwerp opnuut en met meer aanvoeling gelees kan word, speel die letterkunde en die letterkundige teorie vanselfsprekend 'n sentrale rol. Vandaar die inskakeling

40. Vintage, Londen, 1998.

41. R. SMITH, *The Fontana history of the human sciences*, p. 513; M.F. Martens, "Ernst Mach, Austria (1838-1916)" by <http://144.26.13.41/phyhist/mach.htm>.

42. E. MACH, "The analysis of sensations and the Relation of the Physical to the Psychical (1886, hersien in 1905)" by <http://home.mira.net/~gaffcam/phil/mach.htm>.

43. C. GINZBURG, *Clues, myths, and the historical method*, pp. 107-8.

van die konsep van die *postmoderniteit*.⁴⁴ In sy jongste werk het die Amerikaanse historikus, Perry Anderson, die oorsprong van postmoderniteit nagegaan en dit juis in die letterkunde in 1934 gaan soek – nie in die VSA nie – maar wel in die Spaanse spraakgemeenskap waar Federico de Onís *postmodernismo* in 'n geskiedenis van die Spaanse digkuns gebruik het:

to describe a conservative reflux within modernism itself: one which sought refuge from its formidable lyrical challenge in a muted perfectionism of detail and ironic humour...⁴⁵

Die verskynsel wat ons tans as postmoderniteit in die menswetenskappe ken, het egter meer na die einde van die sewentigerjare gestalte aangeneem toe dit vir 'n skrywer soos Lyotard duidelik was dat die konsep van dit wat 'modern' is in die milieu van kennis, verteenwoordigend is van enige wetenskap:

that legitimates itself with reference to a metadiscourse ... making an explicit appeal to some grand narrative, such as the dialectics of Spirit, the hermeneutics of meaning, the emancipation of the rational or working subject, or the creation of wealth.⁴⁶

Die metadiskoers is egter ook steeds nie soseer bloot tot die geesteswetenskappe beperk nie. Strydig met die klassieke Diltheyaanse idee van geskiedenis as geesteswetenskap verklaar Ginzburg, geskiedenis is ook 'n sosiale wetenskap, want:

History has stayed a social science *sui generis*, forever tied to the concrete. Even if the historian is sometimes obliged to refer back, explicitly or implicitly, to a sequence of comparable phenomena, the cognitive strategy, as well as the codes by which he expresses himself, remain intrinsically individualizing (although the individual case may be a social group or an entire society). In this respect the historian is like the physician who uses nosographical tables to analyze the specific sickness in a patient. As with the physician's, historical knowledge is indirect, presumptive, conjectural.⁴⁷

44. Om strategiese redes word eerder na die term 'postmoderniteit' as 'postmodernisme' verwys. Hierdie klassifikasie wat van omvangryke betekenis vir die geskiedeniswetenskap is, het nouliks 'n ideologies ingesteldheid. Vir 'n interessante bestekopname kyk P. ZAGORIN, "History, the referent, and narrative: Reflections on postmodernism now" in *History and Theory*, 38(1), Februarie 1999, pp. 1-24. Skrywer stem egter nie met al sy uitgangspunte saam nie – soos byvoorbeeld die gebruik van *postmodernisme* i.p.v. *postmoderniteit*.

45. P. ANDERSON, *The origins of postmodernity*, p. 4.

46. J-F. LYOTARD, *The postmodern condition: A report on knowledge*, p. xxiii.

47. C. GINZBURG, *Clues, myths, and the historical method*, p. 106.

Vir geskiedenis gaan dit ook nie meer soseer or die klassifikasie van die dissipline nie, maar eerder oor die doelwit wat bereik wil word.

Die nuwre hermeneutiek waarvan daar nou sprake was, het vir Foucault alleenlik sin gemaak in samehang met die semiotiek, want hermeneutiek is bloot:

the learning and skills that enable one (access) to the signs speak and to discover their meaning.⁴⁸

Wanneer hermeneutiek en semiotiek saam gebruik word, beteken dit dat die soeke na betekenis ooreenkomste verhelder en tegelykertyd die wetmatigheid wat tekens bepaal, die ontdekking moontlik maak dat daar wel ooreenkomste tussen dinge mag wees. Vir hom is die sprekende bewys daarvan in die taal aanwesig, want die grammatika van die wese is 'n eksegesi van 'n taal wat gebruik word en deur 'n bepaalde sintaks saamgesnoer word.⁴⁹

Die nuwre hermeneutiek is egter opgesluit in die wese van identiteite wat spreek van 'n subjektiwiteit in die eerste linie en daarna 'n poging tot 'n gedeeltelike verklaring van die werklikheid. Umberto Eco het verder op die proses wat deur Foucault geïdentifiseer is, voortgebou en tot die gevolgtrekking gekom dat:

In a universe dominated by the logic of similarity (and cosmic sympathy) the interpreter has the right and duty to suspect what one believed to be the meaning of a sign is in fact the sign for a further meaning.⁵⁰

Eco se redenasie maak sin wanneer hy begin filosofer oor die oorinterpretasie (over interpretation) van oksimoroniese 'sekulêre heilige tekste' en bevind dat:

As soon as a text becomes 'sacred' for a certain culture, it becomes subject to the process of suspicious reading and therefore to what is undoubtedly an excess of interpretation.⁵¹

In die geval van tekste wat wel 'heilig' is, bestaan daar 'n religieuse outoriteit en tradisie wat daarop aanspraak maak dat dit die sleutel het tot die interpretasie daarvan. Die nadeel is dan dat kortsigtige insigte posvat want:

48. M. FOUCAULT, *The order of things: An archaeology of the human sciences*, p. 29.

49. *Ibid.*, p. 29.

50. U. ECO, "Interpretation and history" in S. Collini (Red.), *Interpretation and overinterpretation: Umberto Eco with Richard Rorty, Jonathan Culler and Christine Brooke-Rose* (Cambridge University Press, Herdruk van die 1992 uitgawe, Cambridge, 1998), p. 47.

51. *Ibid.*, p. 52.

Medieval culture, for example, did everything it could to encourage an interpretation that was infinite in terms of time but nevertheless limited in its options.⁵²

Eco se standpunt word bo verdenking geplaas deur Quillen wat redeneer dat, gegewe die 'self-toereikende navorsingsparadigma' van die tyd, is Eco nie partydig nie, maar self 'n rolspeeler as leser (kritikus) en as skrywer. Hy probeer, volgens haar, om 'n grondslag van affiniteit tussen *perk* en *intensie* te bewerkstellig.⁵³

Allereers moet daar aanvaarding wees vir subjektiwiteit aan die kant van die individu as leser, en/of skrywer van die dokument, wat vir die doeleindes van die metode as die 'teks' voorgehou word.⁵⁴ Die self kan ook deelgenoot van die proses wees deur in terme van 'n narratief 'n rol binne die verloop van gebeure te speel.⁵⁵

Terwyl die *perk* verteenwoordigend is van verstaanbaarheid koherensie, redelikheid en aanvaarding van die andersoortigheid van individualiteite, berus *intensie* op drie veronderstellinge. Daar is sprake van 'n intensie aan die kant van die teks of die outeur wat vanselfsprekend betekenis definieer. In die tweede plek beskik alle tekste noodwendig oor toereikende eenheid en koherensie om 'n verstaanbare intensie uit te spel. Laastens, die intensie, eenheid en koherensie van die teks lê die onbeheerbare 'hartstogte' van die leser aan bande. Daarsonder is 'n sinvolle interpretasie ondenkbaar.⁵⁶

Nuwe denkstrategieë in die dissipline

Ter afsluiting enkele gedagtes oor wat ons moontlik te wagte kan wees in die proses van historiese studies in die afsienbare toekoms. Dit wil voorkom asof ons konvensionele opvatting omtrent die omvang en betekenis van geskiedenis toenemend gaan verander. Daar is reeds tekens dat in voorgaande universiteitsleerplanne, argeologie, antropologie, asook sosiale en kultuurstudies, toenemend deel van die geskiedenis leerplan word. Die gespesialiseerde aard van die dissipline is tans in 'n konsoliderende ontwikkelingsfase.

52. *Ibid.*, p. 53.

53. C.E. QUILLEN, "Crossing the line: Limits and desire in historical interpretation" in *History and Theory*, 37(1), Februarie 1998, pp. 43-4.

54. *Ibid.*, p. 44.

55. T. WEBSTER, "The word of God and the ethics of the religious past in Northern Ireland" in *Rethinking History*, 2(3) 1998, p. 388.

56. C.E. QUILLEN, "Crossing the line: Limits and desire in historical interpretation" in *History and Theory*, 37(1), Februarie 1998, p. 46.

Terselfdertyd is daar sprake van nuwer velde van ondersoek wat ontsluit word. Terwyl die postmodernistiese teoretici en kritici voortdurend die gedagte van die gefragmenteerde geheel, en die gedeeltelike realiteit voorhou, is daar meer omvangryke onderwerpe wat ondersoek word. Felipe Fernández-Armesto wat homself onderskei het as meester in die samevoeging van 'n geheelhistoriese beeld uit gedeeltelike werklikhede van die verlede,⁵⁷ het onlangs sy hand gewaag om 'n geskiedenis van die waarheid te skryf!⁵⁸ Sodoende het hy gestalte gegee aan Hobsbawm se versoek aan historici om steeds in die era van die postmoderniteit, met hul konsentrasie op die makrogeskiedenis voort te gaan, want:

Historians, however microcosmic, must be for universalism, not out of loyalty to an ideal to which many of us remain attached(,) but because it is the necessary condition for understanding the history of humanity, including that of any special section of humanity. For all human collectivities necessarily are and have been part of a larger and more complex world.⁵⁹

Die klem val egter ook veel breër en meer omvangryk in die nuwe ingesteldheid op die verlede. In die proses word opnuut kennis geneem van nuwe inhoude wat aan verouderende dissiplines verleen kan word. Mary Poovey se werk, *A history of the modern fact: Problems of knowledge in the sciences of wealth and society*⁶⁰ is die werk van 'n akademiese letterkundige wat ekonomiese tekste bestudeer het om tot bepaalde insigte te kom oor die wyse waarop die verskynsel van kapitaal en produksieprosesse in die era van die nywerheidsomwenteling in Brittanje tussen 1740 en 1830 nuwe kultuuropvattings laat posvat het.

Selfs ons gerespekteerde watermerk as wetenskaplike historici – die voetnoot – het die onderwerp van navorsing geword. In *The footnote: A curious history* het Anthony Grafton, daarin geslaag om die ontwikkelingsgang van die wetenskaplike dimensie van die dissipline van die geskiedenis onregstreeks, maar indringend en interessant na te gaan.⁶¹ Een van sy gevolgtrekkings is dat, deur te let op die historiese ontwikkeling van die nederige voetnoot, kan die leser nuwe insigte oor die geskiedenis as literêre aktiwiteit kry.⁶²

57. F. FERNÁNDEZ-ARMESTO, *Millenium: A history of our last thousand years* (Black Swan, Ilkley, 1996).

58. *Truth: A history* (Bantam Press, London, 1997).

59. E. HOBSBAWM, *On history*, p. 277.

60. University of Chicago Press, Chicago, 1998.

61. Harvard University Press, Boston, Hersiene uitgawe 1997.

62. *Ibid.*, p. 231.

Terwyl ons in 'n wêreld verkeer wat besig is om vinnig voortdurend nuwe bronne – audio-visueel, taktiel en selfs ook op die terrein van die geskiedenis van reuk aan ons uit te reik - is dit noodsaaklik dat ons nie die tradisionele bronne van inligting verwaarloos nie. So kan byvoorbeeld die mondelinge geskiedenis uitgesonder word. Hierdie ietwat verwaarloosde skatkamer van historiese inligting word al te dikwels deur konvensionele historici oor die hoof gesien. In 'n Suid-Afrika waar multi-kulturaliteit aan die orde van die dag is, moet ons aanvaar dat die enigste weg van toegang tot pre-literêre tradisionele kulture langs die weg van die gesproke woord is.

Die heuristiese en gedeeltelike hermeneutiese proses van inligtingsinsameling en verwerking, soos dit byvoorbeeld deur die Waarheids- en Versoeningskommissie onderneem is, spel die wese van die metodologie in 'n nuwe bedeling uit. Dit word gekenmerk deur eksperiment, verfyning, eksterne en interne kritiek, bemarking en stilswyende aanvaarding.

Ons verkeer tans, veral wat die dissipline van geskiedenis betref, in Suid-Afrika in 'n fase van eksperimentele metodologie. Vir Frédéric Rauh (1861-1912) het die eksperimentele metode gehandel oor die 'verification of life' (verantwoording vir die lewe) waarin die ondersoeker se denke 'n kontrak met die natuur sluit, en voortdurend oor 'n koherente diskoers as doelwit onderhandel.⁶³

Fodor het redelik aandag aan die verskynsel geskenk en tot die gevolgtrekking gekom dat die eksperiment 'n onderdeel is wat ontwerp is met die doel om die menslike toestand in aanraking met die toestand van die wêreld te bring.⁶⁴ Eksperimentele ondersoek is dus 'n manier waarop die omgewing gemanipuleer kan word ten einde kognitiewe bystand te verleen in die vorming van waarheidsopvattinge.⁶⁵

Hierdie ingesteldheid is van besondere belang vir ons. In 'n nuwe staatkundige bedeling (soos tans in Suid-Afrika aan die orde van die dag) spreek dit vanself dat die geskiedsbeeld aan hersiening onderhewig is. Dit sou egter naïef wees om te redeneer dat die politieke magsbesitters bepaal hoe die geskiedenis geskryf moet word. Professionele historici is lank nie meer bloot aan die skryf van nasionalistiese en seksionele geskiedsbeoefening uitgelewer nie.

Ofskoon die postmoderniteit tans heelwat vyande het, vervul hierdie benadering tot die verlede tog 'n noodsaaklike rol. Ten tyde van die aftakeling van marxistiese ideologie in die tagtigerjare het postmoderniteit die

63. R. HORNER, "A pragmatist in Paris: Frédéric Rauh's 'Task of dissolution'" in *Journal of the History of Ideas*, 58(2), April 1997, p. 304.

64. J.A. FODOR, *The elm and the expert: Mentalese and its semantics* (MIT Press, Cambridge, Massachusetts, 1995), p. 95.

65. *Ibid.*, p. 97.

kulturele logika van die laat-kapitalisme geword.⁶⁶ Dit het ook die selfkritiek geword van 'n samelewing wat voortdurend op die grens van die verlede en die toekoms met indringende verkenning besig is. Ons sal ongelukkig, in die aangesig van verminderde befondsing vir geskiedenis aan die kant van die owerheid, daarvan moet kennis neem dat die privaatsektor – kapitalistiese betrokkenheid – die sleutel tot oorlewing en voortgesette navorsing geword het. Verskuiwings in ideologiese lojaliteit is maklik aan die einde van die twintigste eeu. Kapitalisme, wil dit voorkom, is tans klaarblyklik die enigste duidelike meganisme wat die voortbestaan van liberale demokrasie as model vir samelewingsordenning kan verseker.

Die ontwikkeling van 'n metodologiese tradisie vir die geskiedenis in die agtiende eeu, het beslag gekry deurdat 'n breuk in tradisie plaasgevind het tussen die verlede en die toekoms. Daaruit het die opvatting posgevat dat die waarhede van die geskiedenis wel onder verskillende tydsomstandighede kan verander.⁶⁷ Ons is weer eens by daardie punt waarin die hede bykans onsigbaar geword het. Dit kan bloot deur 'n gedeeltelike blik op die verlede verstaan word. In 'n onsekere hede, is die onderliggende soeke voortdurend na 'n toekoms wat van sekerhede omtrent die self en die mikrogemeenskap (die gesin) spreek.

In 'n akademiese samelewing waarin die sin van die geskiedenis tans voortdurend bevraagteken word, is dit miskien van belang dat ons van die begrip gebruik maak om by sekere relevante vraagstellings uit te kom. Terwyl die historiese hermeneutiese verstaansmetode dus tans op die breukvlak tussen verval en oorlewing lê, is dit opvallend dat daar steeds 'n behoefte aan een of ander indruk omtrent die verlede bestaan. Want verklaar Armesto met reg:

(S)ocieties like ours, in rapid states of transformation, sometimes need to retrieve lost or vanishing wisdom from their pasts, or borrow it from other peoples whose experience of development has been different.⁶⁸

Wat die dissipline van geskiedenis betref, wil dit voorkom asof historici in die post-Annales-era, inderdaad in 'n fase van retrologiese oorgang verkeer. Die metodes van geskiedisbeoefening, soos dit aan die orde van die dag was in die ou politieke bedeling is nie meer relevant nie. Daar is sprake van 'n a-metodologiese ingesteldheid. Dit is 'n milieu waarin standpuntstellings omtrent die verlede verskeie opeenvolgende legitiëeringskrisisse moet

66. P. ANDERSON, *The origins of postmodernity*, p. 131.

67. R. KOSELLECK, "Moderne Sozialgeschichte und historische Zeiten" in P. Rossi (Hrsg.) *Theorie der modernen Geschichtschreibung* (Suhrkamp, Baden Baden, 1987), pp. 179-80.

68. F. FERNÁNDEZ-ARMESTO, *Truth: A history*, p. 15.

deurmaak alvorens die 'waarheidsinhoud' daarvan aanvaar word. Historiese kennis soos ons dit geken het, is onderhewig aan oortuiging, kwalifisering en die herwinning van 'n medemenslike selfvertroue. Die legitimiëringsproses van geskiedenis as retrologie word dus uitgespel in fasette van stryd, soeke na konsensus, finansiering en uitvoering (*praksis*).

Tradisioneel het historici aan die hand van skrywers soos byvoorbeeld Garraghan metodologie gesien as 'n sistematiese liggaam van beginsels en reëls wat ontwerp is om doeltreffend in die insameling van die bronnemateriaal van die geskiedenis van waarde te wees. Dit sluit in die kritiese beoordeling van die gegewens, en die voorlegging van 'n sintese (gewoonlik in 'n geskrewe vorm) van die bevindinge.⁶⁹ Hierdie benadering is steeds belangrik – uit hoofde van die kritieke vaardighede waaroor die historikus beskik. Tog het die ingesteldheid teenoor die metode aansienlik verander. Foucault verklaar, as antagonis van tradisionele sekerhede, dat metode en sisteem bloot twee maniere is waarop identiteite, deur middel van die algemene matriks van verskille, gedefinieer word.⁷⁰ Hy poog nie eens om 'n konvensionele definisie van metode daar te stel nie. Veel eerder gaan dit om 'n eis van self-identifikasie deur middel van die soeke na 'n dialektiese interaksie tussen die mens as historikus en die verlede as 'n gegewe illusie van realiteitsbewussyn.

Die vraag is dan hoekom al hierdie verskuiwings in aksente? Seker die belangrikste rede daarvoor is dat die tegnologiese omwentelings wat voortdurend in die twintigste eeu aan die orde van die dag aan die orde was – en steeds onverpoosd voortwoed – dit letterlik onmoontlik maak vir die historikus om bloot op geykte weë te beweeg. Daar moet opnuut kreatief en skeppend na die werklikheid gekyk word. Die sluitsteen waaromheen alles wentel, is kennis (*savoir*) wat in sy breedste konteks gesien moet word. Dit sluit in kennis van hoe om te leef, hoe om te luister – met ander woorde vaardighede.⁷¹ Ons is verplaas in 'n milieu waarin die sekerhede van die verlede nou die onsekerhede van die toekoms geword het.

Summary

'Retro' or hermeneutics? The historical method in a new scientific dispensation

In a global society, where technology is making rapid progress, history is often overlooked in the process of accounting for the human consciousness of reality. The internet and other forms of

69. G.J. GARRAGHAN, *A guide to historical method* (Herdruk van die 1946-uitgawe, Greenwood Press Publishers, Westport, 1973) p. 33.

70. M. FOUCAULT, *The order of things: An archaeology of the human sciences*, p. 145.

71. J-F. LYOTARD, *The postmodern condition: A report on knowledge*, pp. 18-9.

computer culture have given rise to a variety of differentiated manifestations of history - such as the 'retro' phenomenon.

In the article 'retro' is briefly outlined and then the focus shifts to the methodological implications for historians of a more comprehensive awareness of reality (modern and postmodern) in respect of their heuristic and hermeneutical activities.